View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# DIE ONDERWYSSTREWE VAN DIE UDF

E.A.S. de Waal

Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Vaaldriehoekkampus.

## ABSTRACT

### THE EDUCATIONAL STRIVINGS OF THE UDF

There is a continual reaction to educational systems by other social groupings. In South Africa the different political groups are currently reacting to the existing educational system. Each of these political groups has different political aims and expectations. As political aims relate closely to educational aims, it follows that these political groups will have different educational aspirations.

The United Democratic Front (UDF) is one of the prominent political groups active in the educational field. This article discusses the educational aspirations of the UDF and endeavours to draw some conclusions.

The UDF's involvement in education takes place via its various affiliates concerned with education. It is possible to deduce what the UDF's educational aspirations are by investigating these affiliates.

Presently the UDF's most important contribution to education is its involvement with the National Education Crisis Committee (NECC), which implicates its involvement with People's Education. It can therefore be deduced that the educational aspirations of the UDF are reflected in the principles of People's Education.

## 1. INLEIDING

Sosiale strukture word daar gestel om aan bepaalde behoeftes te voldoen, of om aan die mense geleenthede te bied vir die nakoming van sekere verantwoordelikhede. Elk van hierdie strukture of samelewingsverbande, streef

na die bereiking van 'n bepaalde doelwit deur 'n bepaalde taak uit te voer volgens 'n bepaalde beleid (Van Schalkwyk, 1986:9). Die skool is slegs een van hierdie samelewingsverbande.

Omdat die mens lid is van verskeie samelewingsverbande, kan elke samelewingsverband nie maar sy eie gang gaan en niks met ander samelewingsverbande te doen hê nie. Daar is 'n noue samehang tussen samelewingsverbande (Van der Walt, et al, 1983:215-252) en dit kan aanvaar word dat die een die ander kan beïnvloed.

Elke individu en gemeenskap lewe volgens lewensnorme en -waardes wat gegrond is op 'n bepaalde lewensbeskouing. Hierdie oortuigings is vervleg met elke lewensterrein en bepaal die uitgangspunte ten opsigte van godsdiens, onderwys, politiek, menseverhoudinge en alle ander lewensterreine (Van Schalkwyk, 1986:68-69). Onderwys kan dus nooit neutraal wees nie omdat dit altyd in 'n lewensfilosofie gewortel is (Jooste, 1983:11).

Onderwys moet die individu se vermoëns, aanlegte, belangstellings en keuses in ag neem en elke leerling se potensiaal maksimaal ontplooi, maar onderwys is ook daarop gerig om die kind voor te berei vir die eise van die samelewing (Barnard, 1984:7).

Soos die skool, bestaan die politieke stelsel ook nie onafhanklik van die res van die samelewing nie. Daar word al hoe meer deur opvoedkundiges en sosioloë besef dat onderwys wel polities bepaald is en dat die politieke beskouinge van die dominante of heersende groep in 'n samelewing deur onderwys oorgedra word (Bot & Schlemmer, 1986:1; Coombs, 1985:884). Onderwys word in 'n groot mate bepaal deur persone wat nie noodwendig opvoedkundiges is nie, en deur die sosiale konteks waarin onderwys plaasvind (Thompson, 1981:21). Politiek is dus 'n determinant van die onderwysstelsel.

As daar gekyk word na onderwys in Suid-Afrika, blyk dit dat politieke sienings onlosmaakbaar vervleg is met verwagtinge ten opsigte van onderwys. Thompson (1981:21) sê dat daar op 'n onderwysstelsel gereageer word deur ander elemente van die samelewing. In Suid-Afrika kom reaksie op die huidige onderwysstelsel vanuit verskillende politieke groeperinge. Volgens die dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Wes-Kaapland, prof. Owen van den Berg

(1985:13), "... schools have become the major thermometer of our political climate ...".

Tydens 'n toespraak in 1986 by geleentheid van die diplomaplegtigheid van die Sebokeng College of Education, het dr. G. van N. Viljoen, Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, melding gemaak van die verpolitisering van die onderwys in Suid-Afrika, en die daarmee gepaardgaande ontwrigting. Die ontwrigting wat hier ter sprake is, word veroorsaak deur konflik tussen politieke partye en groeperinge, onder andere as gevolg van verskillende belewinge van die onderwys in Suid-Afrika. Dit blyk dus dat daar verskeie politieke partye en groeperinge in Suid-Afrika bestaan wat verskillende verwagtinge het ten opsigte van die onderwys. Die volgende vrae ontstaan nou:

(i) Wie is hierdie politieke partye?

(ii) Op watter wyses is hulle betrokke by die onderwys?

(iii) Wat is hulle onderskeie onderwysstrewes?

Vanweë die beperkte omvang van die artikel, sal daar slegs gekyk word na

(i) een van hierdie partye wat prominent figureer ten opsigte van onderwys, naamlik die UDF;

(ii) die UDF se betrokkenheid by onderwys in Suid-Afrika en

(iii) wat die UDF se onderwysstrewes is.

Die UDF, met ongeveer 700 geaffilieerde organisasies, verteenwoordig 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking, en is die grootste charteristiese beweging in die land - met ander woorde die grootste beweging in die land wat die Freedom Charter onderskryf. Die UDF se betrokkenheid by die onderwys geskied deur middel van hierdie organisasies, wat studentebewegings en onderwysersunies insluit (South African Research Service, 1986:254).

Om te bepaal wat die onderwysstrewe van die UDF is, sal daar soos volg te werk gegaan word:

* Eerstens sal die UDF as 'n politieke organisasie bespreek word. Daar sal aandag gegee word aan die struktuur, doel en beleid van die organisasie, ten einde die UDF se betrokkenheid by die onderwys en die uiteindelike onderwysstrewe in perspektief te sien.

* Omdat die UDF se betrokkenheid by die onderwys deur middel van sy geaffilieerdes geskied, sal daar in die tweede plek kortliks aandag gegee word aan enkele geaffilieerdes van die UDF.

* Ten derde sal die onderwysstrewe van die UDF en die realisering daarvan in People's Education bespreek word.

## 2. BEGRIPSOMSKRYWING

Die woord people sal in die artikel in die oorspronklike Engels gebruik word. In die terme van politieke groeperinge soos die UDF, dui people nie noodwendig bloot op mense nie. Die woord people word meestal gebruik wanneer daar na die proletariaat verwys word (Van der Walt, et al., 1987:17). Dit word ook soms gebruik om alle mense aan te dui, ongeag ras. Deur die woord people dus bloot as mense te vertaal, sou iets van die ideologie daaragter laat verlore gaan.

Om dieselfde rede sal enkele ander begrippe wat in die terme van die UDF besondere betekenis verkry het, in die oorspronklike Engels gebruik word.

## 3. DIE UDF AS 'N POLITIEKE ORGANISASIE

Die UDF is as 'n nasionale organisasie op 20 Augustus 1983 te Mitchell's Plain, Kaapstad gestig (South African Institute of Race Relations, 1984:57) en kon reeds binne 'n jaar aanspraak maak op ongeveer 600 geaffilieerdes, met om en by 2,5 miljoen lede (South African Research Service, 1986:248; South African Institute of Race Relations, 1985:18; Laurence, 1984:273).

Dat die UDF wel 'n rol speel in Suid-Afrika, is duidelik. Tydens 'n referaat gelewer te Potchefstroom op 23 April 1986, het mnr. L. le Grange, Minister van Wet en Orde, gesê dat die UDF, met uitsondering van die alliansie tussen die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, die African National Congress en die UDF, die belangrikste enkelfaktor is wat verantwoordelik is vir die landswye onrussituasie (Le Grange, 1986:19).

Die doel van die UDF is die daarstel van 'n verenigde, demokratiese Suid-Afrika, sonder tuislande en groepsgebiede, waar die wil van die people in aanmerking geneem word, en waar daar geen apartheid en diskriminasie is nie (South African Institute of Race Relations, 1984:58). In 1987 het die UDF besluit om die Freedom Charter openlik te aanvaar, omdat dit die dokument is wat die organisasie se politieke program die beste omskryf (Morobe, 1987:27).

Lidmaatskap van die UDF geskied deur affiliasie van 'n organisasie en die UDF is oop vir enige persoon ongeag ras, kleur, geloof, stand of beroep. Die UDF bied aan verskeie organisasies die geleentheid om as geaffilieerdes te verenig op grond van breë beginselriglyne, maar tog outonomiteit te behou.

Omdat dit so moeilik is om die standpunte van so 'n groot aantal geaffilieerdes te verenig, hou die UDF doelbewus die gestelde doelwitte breed. Die UDF poog nie om beleid vir sy geaffilieerdes te formuleer nie, maar beklemtoon sy rol as front om organisasies wat nie noodwendig dieselfde ideologie het nie, te verenig (Frederikse, 1987:151; South African Research Service, 1986:257). Alhoewel geaffilieerdes hulle eie beleid maak en uitvoer, ondersteun hulle almal die UDF se strewe na 'n nie-rassige demokrasie wat aan alle burgers van Suid-Afrika gelyke geleenthede en regte bied.

UDF-geaffilieerdes strek oor 'n wye spektrum van die samelewing. Die struktuur van 'n front bied die voordeel dat 'n wye verskeidenheid van organisasies hulle tuis voel in die UDF. Die nadeel daarvan is dat dit die UDF beperk tot breë beginselriglyne en dat dit besondere beleidsbepaling en -uitvoering strem (De la Harpe & Manson, 1983:66-67).

## 4. ENKELE ONDERWYSBELANGHEBBENDE GEAFFILIEERDES VAN DIE UDF

Verskeie studente- en jeugorganisasies is geaffilieerdes van die UDF, en hulle speel 'n rol in die toenemende eise om verandering in die onderwys. Vanweë die struktuur van die UDF is dit nodig om enkele prominente geaffilieerdes wat gemoeid is met onderwysaangeleenthede, kortliks te bespreek.

### 4.1 Congress of South African Students (COSAS)

COSAS is as 'n charteristiese beweging in Mei 1979 gestig (Anon, 1984:77) met die oog daarop om studenteprotes teen die huidige onderwysstelsel op sekondêre skoolvlak te koördineer (NECC, 1986:2), en was 'n geaffilieerde sedert die stigting van die UDF.

Op 28 Augustus 1985 is COSAS deur die Minister van Wet en Orde, mnr. Louis le Grange, verban ingevolge Artikel 4(1) van die Wet op Binnelandse Veiligheid, Wet 74 van 1982 (Change Newsletter, 1985:25).

Die belangrike rol wat COSAS gespeel het, blyk uit die reaksie op die verbanning van COSAS. Kritiek teen die verbanning van COSAS is onder meer uitgespreek deur die regering van die VSA, die UDF, die National Union of South African Students (NUSAS), PFP-parlementslid Ken Andrew, National Education Crisis Committee (NECC) en Azanian People's Organization (AZAPO) (South African Institute of Race Relations, 1986:386; 392; NECC, 1986:15).

### 4.2 Azanian Students' Organisation (AZASO) / South African National Students Congress (SANSCO)

AZASO, wat in 1987 sy naam verander het na SANSCO (New Nation, 19 Februarie, 1987), is in 1979 gestig as die studentevleuel van AZAPO (Laurence, 1987:39), 'n swart bewussyngroep. SANSCO se taak sou wees om die aktiwiteite van swart studente aan tersiêre inrigtings te koördineer (NECC, 1986:2).

SANSCO het egter in 1983 een van die eerste geaffilieerdes van die UDF geword (Laurence, 1987:39) en die Freedom Charter amptelik onderskryf. Hierdie stap het AZASO in direkte opposisie geplaas teenoor AZAPO, wat AZASO se stigting vier jaar tevore geborg het.

SANSCO huldig, soos COSAS, die standpunt dat die huidige onderwysvoorsiening in Suid-Afrika blanke vooruitgang en heerskappy bevorder en beklemtoon ook die ooreenkoms wat daar bestaan tussen Suid-Afrika se onderwysbeleid en die regerende party se politieke beleid. Op beide terreine word 'n beleid van segregasie gevolg (Anon, 1984:71-72).

As ideaal vir die onderwys haal AZASO uit die Freedom Charter aan: "The doors of learning and culture shall be opened" (National Co-ordinating Committee - Education Charter, 1986:3) en meer spesifiek: "There shall be free, compulsory, equal (and relevant) education for all" (Anon, 1984:74).

In 1982 het AZASO 'n veldtog (The Educational Charter Campaign) van stapel gestuur om onderwyseise van al die people van Suid-Afrika te versamel, met die oog daarop om dit in 'n dokument (The Education Charter) te formuleer. COSAS, die National Union of South African Students (NUSAS), en die National Education Union of South Africa (NEUSA) het hulle ook by die veldtog geskaar (NECC, 1986:3; Anon, 1984:75). Die UDF het sy geaffilieerdes aangemoedig om aan die Education Charter Campaign deel te neem (South African Research Service, 1986:254).

In September 1987 is daar besluit om die Education Charter Campaign as 'n sub-komitee van die NECC te inkorporeer (Dewar & Philcox, 1988:4).

Die feit dat die veldtog nieteenstaande teenkanting en struikelblokke voortgegaan het (as deel van die NECC), dui daarop dat die behoeftes wat aanleiding gegee het tot die veldtog, steeds bestaan.

**4.3 National Union of South African Students (NUSAS)**

NUSAS is in 1924 by Grey Kollege in Bloemfontein gestig. Die doel van NUSAS was volgens die eerste president van die organisasie, Leo Marcquard, om samewerking tussen studente op nasionale en internasionale vlak te bewerkstellig. NUSAS was aanvanklik slegs betrokke by universiteitsaangeleenthede, maar het in 1962 'n groter politieke rol begin speel. In dié jaar is Albert Luthuli, president van die ANC, verkies tot ere-president van NUSAS (Wilson et al., 1984:172-173) en so is NUSAS se simpatieke gesindheid teenoor die ANC bevestig.

NUSAS het hegte verhoudinge ontwikkel met COSAS en AZASO (Wilson et al., 1984:166) en het op 20 Augustus 1983 een van die eerste geaffilieerdes van die UDF geword (Boraine, 1984:171).

NUSAS meen dat die huidige onderwysstelsel gebruik word om die wyse waarop die gemeenskap georganiseer is, te regverdig en in stand te hou. Volgens NUSAS misluk die huidige onderwysstelsel omdat dit nie die ongelykheid in die groter stelsel - die politieke stelsel - kan regverdig of in stand hou nie. Die huidige onderwysstelsel slaag ook nie daarin om in die mannekragbehoeftes van die land te voorsien nie, en daarom gryp maatskappye, soos Anglo American, self in deur fondse te voorsien vir akademiese ondersteuningsprogramme (Phillip, 1984:81-85).

### 4.4 National Education Union of South Africa (NEUSA)

NEUSA is op 11 Junie 1980 in Johannesburg gestig. Die stigtingsvergadering is bygewoon deur ongeveer 600 onderwysers, akademici en ander belangstellendes (SAIRR, 1981:461-462).

In 'n pamflet aan NEUSA-lede (1982) verklaar die unie homself as 'n nie-rassige vereniging, gestig deur opvoedkundiges, in 'n situasie waar die belangrikste onderwysersorganisasies 'n rasse-karakter het as gevolg van die apartheidstruktuur van onderwys in Suid-Afrika.

In dieselfde skrywe stel NEUSA sy beeld en doel as onder andere die daarstel van 'n enkele, verenigde en gelyke onderwysstelsel, waarin skole, kolleges, technikons en universiteite oop sal wees vir alle Suid-Afrikaners. Deur oorlegpleging met onderwysers, ouers, studenteliggame en die breër gemeenskap sal daar gepoog word om 'n demokratiese en ekonomies-regverdige gemeenskap daar te stel, waar onderwys vryelik en op gelyke vlak aan almal beskikbaar is. Hierdie beleid reflekteer die beginsels van die UDF.

### 4.5 South African Youth Congress (SAYCO)

SAYCO, die grootste geaffilieerde van die UDF, is op 28 Maart 1987 in Kaapstad gestig en het na bewering 'n ledetal van tussen 600 000 en 700 000 en 'n ondersteuningsbasis van twee miljoen (Niddrie, 1987:3-4).

SAYCO verklaar dat daar benewens die onderwyseise van studente, die jeug ook eise stel op ander gebiede soos die politieke en ekonomiese terrein (Niddrie, 1987:5). SAYCO wil ook die werkende en werklose jeug betrek, sonder om studente uit te sluit (SAYCO National Executive Committee, 1987:4).

SAYCO sien vir SANSCO (die voormalige AZASO) en NUSAS as sy suster-organisasies en steun ook die NECC (SAYCO - persverklaring, 1987:4). As geaffilieerde van die UDF neem SAYCO ook deel aan aktiwiteite rondom People's Education en protes teen die verbanning van die ANC (Anon, 1987:3).

### 4.6 National Education Crisis Committee (NECC)

In ISIZWE - the Nation, die joernaal van die UDF (1987;6), word vermeld dat die UDF tydens sy National United Action Campaign verenig is met die NECC. Die NECC wil saam met die UDF, Congress of South-African Trade Unions (COSATU) en SAYCO staan in die stryd vir ware demokratiese en nie-rassige onderwys (Dewar & Philcox, 1988:2). Die onderwysstrewe van NECC soos dit na vore kom in People's Education, verteenwoordig dus ook dié van die UDF.

In Desember 1985 het die Soweto Parents Crisis Committee (SPCC) - wat in Oktober 1985 gestig is - die eerste nasionale konferensie oor die onderwyskrisis by die Universiteit van die Witwatersrand gehou. Dié byeenkoms is bygewoon deur sowat 160 belanghebbende groepe (ook studente, ouers en onderwysers) en vir die eerste keer is die begrip People's Education in Suid-Afrika geopper (Bot, 1986:47-48; Zille, 1987:25).

Tydens die konferensie is 'n aantal algemene resolusies geformuleer wat die UDF-beginsels van demokrasie weerspieël, en die belang van samewerking tussen ouers, onderwysers en leerlinge beklemtoon. Die NECC het ook tydens genoemde SPCC-konferensie tot stand gekom met die opdrag om programme te formuleer vir die bevordering van People's Education op alle vlakke.

In Maart 1986 is 'n NECC-kongres in Durban gehou. Die meeste resolusies geneem tydens die kongres was nie direk relevant vir onderwys nie. Die feit dat die NECC, spesifiek as 'n onderwyskomitee, resolusies neem oor sake soos Inkatha en die Reagan-regering, dui duidelik daarop dat hulle, soos die UDF en sy ander geaffilieerdes, onderwys en politiek nie afsonderlik beskou nie.

Daar is wel tydens die kongres besluit om die aanbevelings van 'n ad hoc-komitee van People's Education oor People's Education, te aanvaar.

Die NECC poog om die steun van die people te verkry deur hulle te betrek by die program, 'n onderwysbeleid te ontwikkel wat voldoen aan die behoeftes van die people en 'n onderwysprogram en kurrikula te ontwerp vir People's Education (Morphet, 1987:3-4).

Die NECC slagspreuk: "People's Education for People's Power", toon 'n ideologiese ooreenkoms met die UDF-deklarasie (... a united, democratic South Africa based on the will of the people ...) en die Freedom Charter (The People shall govern!).

## 5. DIE ONDERWYSSTREWE VAN DIE UDF

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat UDF-geaffilieerdes dit eens is dat onderwys nie losgemaak kan word van die politieke bedeling nie. Die UDF se onderwysstrewe reflekteer ook sy politieke doel en beleid.

Wanneer die onderwysstrewe van die UDF bespreek word, moet daar ook gekyk word na People's Education, want die UDF steun die onderwysdoel waaraan die NECC aktief werk, naamlik People's Education (Kruss, 1987:50).

Vervolgens sal daar gekyk word na wat deur People's Education (en dus ook deur die UDF) in die plek van die huidige onderwysstelsel gestel wil word, deur aandag te gee aan die volgende komponente van 'n onderwysstelsel:

* Beheer oor die onderwys.
* Skoolstelsel.
* Kurrikulum.
* Onderwysersopleiding.

### 5.1 Beheer oor die onderwys

Volgens die kongresresolusies van die SPCC-konferensie gehou in Desember 1985, sal daar deur People's Education gestreef word om die hele gemeenskap (ouers, studente, onderwysers en werkers) te betrek by die inisiëring van en

beheer oor onderwys. Die people van Suid-Afrika behoort in beheer te staan van alle aspekte van hulle lewens (Sisulu, 1986:104), en dus ook van die onderwys.

Onderwysers word versoek om betrokke te raak by die stryd om demokratiese beheer oor die onderwys deur progressiewe onderwysersorganisasies, soos NEUSA, te ondersteun (Sisulu, 1986:106).

5.2 Skoolstelsel

Daar bestaan soms die wanopvatting dat People's Education slegs betrokke is by sekondêre onderwys. 'n Hele paar bronne dui egter op die teendeel. In Oktober 1987 het die NECC tesame met die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Wes-Kaapland, 'n konferensie gehou met die tema "People's Education for Teachers". Tydens hierdie konferensie is onder meer die kwessie van voorskoolse onderwys en People's Education bespreek.

Uit die bespreking het geblyk dat die ideaal vir voorskoolse onderwys gesien word as 'n omgewing sonder sillabusse, eksamens, dreigemente en straf, waar kinders aangemoedig behoort te word om die wêreld en hulle eie vermoëns te ontdek. Onafhanklikheid, vryheid en die ontwikkeling van sosiale, emosionele, kognitiewe en kreatiewe aspekte behoort reeds op voorskoolse vlak bevorder te word.

'n Behoefte aan geskikte stories en boeke, wat nie eksklusief blank/Europees/Amerikaans is nie, is ook geïdentifiseer (NECC & UWK, 1987:50).

Tydens 'n werkswinkel wat by bovermelde konferensie gehou is, is geopper dat People's Education op primêre skoolvlak leerlinge se taalontwikkeling en kritiese denke wil bevorder deur leerlinge aan te moedig om te lees, te praat en te dink.

Besprekings tydens genoemde konferensies het 'n leemte by huidige skoolhandboeke vir primêre skole geïdentifiseer ten opsigte van die ontwikkeling van leerlinge se kritiese denke. Van den Heever (1987:28-35) voeg daarby dat handboeke vir primêre skole slegs vanuit blank-Westerse beskouing geskryf

is en byvoorbeeld slegs illustrasies van blankes bevat, of swartmense as werkers tipeer. Vir People's Education (wat streef na 'n nie-rassige en demokratiese gemeenskap) is dit onaanvaarbaar. Soos in die geval van pre-primêre onderwys bestaan daar dus 'n behoefte aan geskikte materiaal, soos boeke met inter-rassige illustrasies wat multi-kulturele aktiwiteite uitbeeld.

People's Education het aanvanklik na vore gekom uit 'n komitee (die SPCC) wat in die lewe geroep is om probleme in die sekondêre onderwys te hanteer. Wat People's Education dus by pre-primêre en primêre skole wil bereik, geld ook vir sekondêre skole. Onderwys behoort daarop gerig te wees om leerlinge voor te berei vir 'n demokratiese Suid-Afrika.

People's Education ken 'n belangrike rol toe aan die universiteite in die toekoms van Suid-Afrika. Voorstaanders van People's Education meen dat universiteite op grond van gemeenskapsbehoeftes eerder as die behoeftes van minderheidsgroepe, oor hulle prioriteite moet herbesin. Akademici word ook gemaan om hulle tradisionele neutraliteit en wetenskaplike objektiwiteit te herbedink (Kruss, 1987:55).

Universiteite word versoek om die ontwikkeling van People's Education vir skole te steun, deur onder andere die ontwikkeling van alternatiewe leerinhoude en onderwysmetodes, en die opleiding van onderwysers vir People's Education. Sekere universiteite, soos die Universiteit van die Witwatersrand, die Universiteit van Natal en die Universiteit van Wes-Kaapland, het reeds positief op hierdie beroepe gereageer (Kruss, 1987:54-58) en opvoedkundiges aan universiteite soos die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, wat nie ten gunste is van People's Education nie, het ook kennis geneem van die doel van People's Education en daarop gereageer.

People's Education erken ook die rol van die werker in die onderwys. Dit blyk daaruit dat die standpunte van Alec Erwin van COSATU, ook vervat is in die gepubliseerde bundel referate van die kongres: "People's Education for Teachers" gehou op 9-10 Oktober 1987 en gereël deur die NECC en Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Wes-Kaapland. Erwin is van mening dat die krag van onderwys daarin geleë is dat almal onderwysers word in 'n proses van interaksie met mekaar (p.14). Nkondo van NEUSA deel hierdie siening en

meen dat daar vir werkers in fabrieke ook onderwysgeleenthede geskep moet word (1986:21).

Deur People's Education word almal onderwysers van dit waarvan hulle kennis het, en leerders van dit waarvan hulle nie kennis het nie.

### 5.3 Kurrikulum

Volgens Nkondo (1986:21) is die inhoude van kurrikula, sillabusse en onderwysmateriaal, asook metodes, slegs belangrik binne die breër raamwerk van die proses om 'n nuwe politieke stelsel, waarna bewegings soos die UDF streef, daar te stel. Nuwe kurrikula en sillabusse kan 'n belangrike rol speel in die verwydering van politieke vooroordele en die daarstel van akkurate geskiedenisweergawes.

Na afloop van die Maart 1986-konferensie, het die NECC die People's Education Secretariat onder leierskap van Zwelakhe Sisulu in die lewe geroep. Die Sekretariaat het People's Education Commissions gestig, wat die opdrag gehad het om nuwe kurrikula en sillabusse te voorsien. Daar moes aandag gegee word aan wyses om die huidige sillabusse op 'n alternatiewe wyse aan te bied binne formele onderwys, sodat die huidige leerinhoude aangewend kan word ter bevordering van die doelstelling van People's Education. Alternatiewe programme moes ook ontwikkel word om buite skole leerinhoude te akkommodeer wat nie tans in die kurrikula ingesluit is nie.

Die People's Education Commissions moes begin met die omvattende taak van die ontwikkeling van alternatiewe kurrikula.

Die People's English Commission het reeds in 1986 'n persverklaring oor Engels vir People's Education uitgereik. Uit die persverklaring blyk dat die voorstelle wat deur die komitee gemaak is, gebaseer is op die Freedom Charter, resolusies van die Education Crisis Conferences van 1985 en 1986, die Education Charter, en die prioriteite van die gemeenskap en werkersbewegings. Dit blyk ook ewe veel polities as opvoedkundig van aard te wees.

Kruss (1987:41) merk op dat daar 'n neiging is om die studie van taal en letterkunde, soos tekste van ander vakke, in People's Education te integreer. Dit beteken dat die konvensionele skeiding tussen vakke hersien sal moet word.

Oor People's History is daar al besin. 'n Werkboek is ontwikkel met die titel: What is History? In die boek word daar voorsiening gemaak vir aantekeninge en 'n evaluering. Die boek verskil dus van die tradisionele handboek en is nie 'n finale produk nie. Dit maak voorsiening vir onderwysers en studente se kommentaar en aanbevelings. Daardeur word studente, akademici en werkers betrek by die proses van kurrikulumontwikkkeling (NECC & UWK, 1987:11-12).

Die People's Mathematics Commission het reeds begin met die beplanning van nuwe Wiskunde-sillabusse. Tydens 'n kongres (NECC & UWK, 1987:40-43) is daar uitgewys dat die verborge kurrikulum in Wiskunde tans gerig is op onderwys vir oorheersing teenoor onderwys vir onderdrukking. Alternatiewe werkskaarte moet ontwikkel word en daar moet meer gebruik gemaak word van progressiewe onderwysmetodes, soos groepwerk, eerder as die tradisionele metodes. Sodoende sal samewerking en demokrasie bevorder word.

Daar is aanduidings dat 'n People's Afrikaans vir People's Education ontwikkel mag word (Van den Heever, 1987:24-28). Tot dusver is daar nog nie volledige kurrikula beskikbaar nie.

### 5.4 Onderwysersopleiding

Onderwysers vir People's Education moet, soos hulle studente, in staat wees om krities te reageer op sosiale en kulturele faktore en bewus wees van hulle vermoë om verandering teweeg te bring (NECC & UWK, 1987:24), soos om studente behulpsaam te wees met die totstandbrenging van demokraties verkose studenterade (SRC's).

Verder moet hulle in samewerking met ouers en gemeenskappe Ouer-Onderwyser-Studenteverenigings by alle skole stig. Onderwysers is ook verantwoordelik vir onderwysersopleidingsprogramme (Kruss, 1987:21).

Om onderwysers te lewer wat die gemeenskap van People's Education kan voorsien, sal toepaslike opleiding op universiteitsvlak reeds vanaf die eerste

jaar verskaf moet word. Dosente moet dus ook geskool wees in People's Education (Kruss, 1987:57; NECC & UWK, 1987:22).

## 6. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

People's Education kan opgesom word as 'n nie-rassige, nie-seksistiese, demokratiese onderwysstelsel vir almal, waar people geleer sal word dat "(i)f you know, teach, if you do not know, learn" (Nkondo, 1986:21).

Kruss (1987:63) meld dat People's Education uit die onderwyskrisis gebore is en dat dit 'n poging is om die probleem van 'n onderwysstelsel vir die toekoms aan te spreek. Dit is egter 'n proses en alle aspekte van People's Education is nog nie ten volle ontwikkel of afgehandel nie.

Sommige ondersteuners van People's Education sien dit as die wyse waarop die onderwysgevolge van die Freedom Charter vergestalt word (Van den Heever, 1987:2). Dit is inderdaad so dat die beginsels van People's Education heeltemal ooreenstem met die beginsels wat in die Freedom Charter uiteengesit word.

Sisulu sê dat ook die blanke gemeenskap bevry moet word van apartheidsonderwys omdat dit geen kind - ook nie die blanke kind - toerus vir die toekoms nie (1986:115). People's Education moet alle inwoners van Suid-Afrika toerus en voorberei vir 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika en is nie slegs vir swartes bedoel nie.

Dit blyk dus dat die beginsels van People's Education in lyn is met die breë beginsels van die UDF.

Die UDF se belangrikste insette op die terrein van die onderwys is waarskynlik sy betrokkenheid by die NECC, en daardeur ook by People's Education.

Wanneer die onderwysstrewe van die UDF en die beginsels van People's Education bestudeer word, blyk dit dat daar wel opvoedkundig-verantwoordbare aspekte is. Daar word byvoorbeeld erkenning gegee aan die belang van ouerbetrokkenheid en ouerinspraak. Die vennootskap tussen ouers en onderwysers en die belang van leerlingdeelname in die onderwysgebeure, word

ook erken. Gemeenskapsbetrokkenheid by en inspraak in onderwys word voorgestaan.

Die ontwikkeling van die mens vanaf voorskoolse stadium tot tersiêre onderwys, en selfs volwasse onderwys buite die formele onderwysstelsel, word ook deur People's Education aangespreek. Die feit dat leerlinge se kritiese denke ontwikkel moet word en dat leerlinge voorberei moet word vir hulle rolle as volwassenes in 'n bepaalde samelewing, word beklemtoon.

Ten opsigte van kurrikula, blyk People's Education te voldoen aan die vereistes van toekomsgerigtheid en relevantheid.

Die belangrikheid van onderwysersopleiding word nie deur People's Education onderskat nie. Onderwysersopleiding moet onderwysers van People's Education in staat stel om leerlinge te lei tot kritiese denke.

Daar is egter ook aspekte van People's Education wat nie onvoorwaardelik aanvaarbaar is nie.

Alhoewel dit duidelik is dat onderwys nie losgemaak kan word van die politieke doel en beleid nie, kom dit tog teenstrydig voor dat die National Education Crisis Committee se gemoeidheid meer met politiek is as met onderwys, terwyl onderwys die primêre doel is waarvoor die komitee aanvanklik in die lewe geroep is.

Dit is opvallend dat van die resolusies wat tydens die NECC-konferensie in Maart 1986 geneem is, daar hoogstens vier van die dertien resolusies is wat direk met die onderwys in verband staan. Die ander is bloot politieke besluite en uitsprake. Dit laat die vraag ontstaan of People's Education dan nie maar bloot 'n instrument tot politieke verandering is nie, en of daar werklik kommer is oor die ontoereikende onderwys wat toegeskryf word aan 'n ontoereikende politieke bedeling.

Volgens Van den Berg (1987:7-16) is People's Education primêr en fundamenteel 'n onderwysbeweging. In die lig van die voorafgaande paragrawe kan hierdie stelling in twyfel getrek word. Alhoewel die NECC se bemoeienis met politiek heeltemal verstaanbaar is in die lig van die UDF se doelstellings en

beginselriglyne, kom dit tog voor asof daar tydens die NECC-konferensie in Maart 1986, 'n gemoeidheid met politiek op verskeie terreine was, ten koste van samesprekings oor die onderwys.

Volgens Van der Walt et al., (1987:254) het People's Education benewens die positiewe aspekte, 'n negatiewe inslag. Dit berus op 'n onwetenskaplike basis waar dit gaan om handelinge soos kurrikulering en dit is onder meer ongestruktureerd.

Wanneer daar gekyk word na die struktuur en strategie van die UDF en sy ondersteuners, blyk dit dat die beginsel van besluite neem op 'n grassroots level, bydra tot die ongestruktureerdheid waarna Van der Walt et al. (1987) verwys. Tog is die besondere strategie noodsaaklik vir die navolging van die UDF se beginsels en beleid, waarvolgens alle mense inspraak behoort te verkry in besluitneming ten opsigte van sake wat hulle raak.

Van der Walt et al., (1987:254) wys onder meer ook daarop dat People's Education humanisties is en dat daar nie sprake is van Godgegewe norme nie.

People's Education en die UDF deel wel sekere Christelike beginsels, soos naasteliefde en die beginsel dat alle persone gelykwaardig geag behoort te word, maar nèrens in die beleid van die UDF word daar erkenning gegee aan God nie. Ook word daar nie in People's Education 'n plek toegeken aan God en Christenskap in die onderwys nie.

## BIBLIOGRAFIE


1. ANON. 1984. Forward with the Education Charter. **Africa Perspective**, 24:71-76.

2. ANON. 1984. United action for democratic education. **Africa Perspective**, 24:77-85.

3. ANON. 1984. The rise of the youth. **State of the Nation**: 2-4, Apr.

4. BARNARD, S.S. 1984. **Inleiding tot die Vergelykende Opvoedkunde**. Durban : Butterworth.

5. BORAINE, A. 1984. NUSAS and the UDF: some implications. South African Outlook, 114(1361):171, Nov.

6. BOT, M. 1986. The future of African Education: two opposing strategies. Indicator South Africa, 4(2):47-53, Spring.

7. BOT, M. & SCHLEMMER, L. 1986. The classroom crisis: Black demands and White responses. Durban : Centre for applied social sciences - University of Natal, Jul.

8. CHANGE NEWSLETTER. 1985. Human Awareness Program. Aug.

9. COOMBS, F.S. 1985. Comparative studies of educational policy. (In The international encyclopaedia of education, 2:884-886. Oxford : Pergamon Press.)

10. DE LA HARPE, J. & MANSON, A. 1983. The UDF and the development of resistance in South Africa. Africa Perspective, 23:58-73.

11. DEWAR, M. & PHILCOX, S. 1988. The struggle for control in education. (Part A in Selected chronicle of events in the Western Cape. The Black Sash Conference 1988. p.1-6.)

12. FREDERIKSE, J. 1987. South Africa: a different kind of war. 2nd ed. Johannesburg : Ravan Press.

13. ISIZWE THE NATION. 1987. Journal of the United Democratic Front, 2(1), Sep.

14. JOOSTE, J.H. 1983. Die Transvaler: 11, Apr. 12.

15. KRUSS, G. 1987. People's Education in South Africa: an examination of the concept. Centre for Adult and continuing Education. University of the Western Cape, Sep.

16. LAURENCE, P. 1984. South African Black party politics. Africa Insight, 14(4):269-274.

17. LE GRANGE, L. 1986. Die ANC, SAKP en UDF: Wie gebruik vir wie? Referaat gelewer deur sy edele Louis le Grange, Minister van Wet en Orde, tydens die Hennie Coetzee-huldigingslesing te Potchefstroom op 23 April 1986. Instituut vir politieke en Afrikastudie. PU vir CHO : Potchefstroom.

18. MOROBE, M. 1987. Die UDF chooses the Charter. **Jodac News**: 27, Winter.

19. MORPHET, T. 1987. People's Education: What can be expected? **Reality**, 19(2):3-6, March.

20. NECC. 1986. National Education Conference: Report on the 2nd national consultative conference on the crisis in education: Durban 29-30 March 1986. Johannesburg.

21. NATIONAL EDUCATION UNION OF SOUTH AFRICA. 1982?. Pamphlet to NEUSA members. Doornfontein, Sep-Oct.

22. NECC & FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND. 1987. Publikasie van konferensieprosedures: "People's Education for teachers, 9-10 Okt." UWK : Bellville.

23. NIDDRIE, D. 1987. Emergency forces new forms of organisation. **Work in Progress**, 47:3-7, Apr.

24. NKONDO, C. 1986. Education for liberation: from Bantu education to People's Education. Papers presented at a Mamelodi Youth Congress/CRIC (Community Resource and Information Centre) seminar on the education crisis in South Africa, 15 March 1986:17-22.

25. PHILLIP, K. 1984. Students meeting the challenge of change. **Africa Perspective**, 24:81-85.

26. SAYCO NATIONAL EXECUTIVE COMMITTEE. 1987. Message to Cosatu - released at a press conference and quoted in **State of the Nation**, 5(1):4, Apr.

27. SAYCO. 1987. Persverklaring. State of the Nation, 5(1):4, Apr.

28. SISULU, Z. 1986. Keynote address: National Education Crisis Committee, 29 March 1986. Transformation, 1:96-117.

29. SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1981. Survey of race relations in South Africa, 1980. Johannesburg : SAIRR.

30. SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1984. Survey of race relations in South Africa, 1983. Johannesburg : SAIRR.

31. SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1985. Survey of race relations in South Africa, 1984. Johannesburg : SAIRR.

32. SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1986. Survey of race relations in South Africa, 1985. Johannesburg : SAIRR.

33. SOUTH AFRICAN RESEARCH SERVICE. 1984. South African Review II. Johannesburg : Ravan Press.

34. SOUTH AFRICAN RESEARCH SERVICE. 1986. South Africa Review III. Johannesburg : Ravan Press.

35. THE NATIONAL CO-ORDINATING COMMITTEE. 1986?. Education Charter Campaign. Johannesburg.

36. THOMPSON, A.R. 1981. Education and development in Africa. St. Martin's Press : New York.

37. VAN DEN BERG, O. 1985. Human Awareness Programme. Change Newsletter: 13, Oct.

38. VAN DEN BERG, O. 1987. People's Education: Its context, essence and (possible) direction. Paper presented at the 2nd Southern African Educational Conference of the Institute for Reformational Studies at the Potchefstroom University for Christian Higher Education, 19-20 Feb.

39. VAN DEN HEEVER, R. 1987. Alternative education: vision of a democratic alternative. UTASA. Kaapstad, Nov.

40. VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. & VAN DER WALT, I.D. 1983. Die opvoedingsgebeure. Potchefstroom : PU vir CHO.

41. VAN DER WALT, J.L., POSTMA, F., MONTEITH, J.L. DE K., MENTZ, P.J. & STEYN, H.J. 1987. People's Education: 'n model vir onderwys in 'n multikulturele samelewing. PU vir CHO-RGN-projek VOO18/K.

42. VAN SCHALKWYK, O.J. 1986. Die onderwysstelsel: teorie en praktyk. Alkantrant : Educo.

43. VILJOEN, G. VAN N. 1986. Toespraak deur dr. G. van N. Viljoen, Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp by geleentheid van die Diplomaplegtigheid van die Onderwyskollege Sebokeng op Maandag 24 Maart 1986 om 10h00 by die Ettiene Rossouw-teater te Sasolburg.

44. WILSON, F., HEWSON, G., KING, M. & MOLL, P. 1984. NUSAS and the democratic struggle: defining a role. South African Outlook, 114(1361):163-166, Nov.

45. WILSON, F., HEWSON, G., KING, M. & MOLL, P. 1984. A chronology of NUSAS. South African Outlook, 114(1361:172-175, Nov.

46. ZILLE, H. 1987. 'People's Education': A lost opportunity. Die Suid-Afrikaan, 9:24-28, Lente/Somer.